NOTULE
UK VERGADERING
14 JUNIE 2012

1. Opening, verwelkoming en verskonings	
Peter verwelkom almal en bedank hulle vir hul tyd. Jakobus open die vergadering met gebed. <u>Verskonings is ontvang van:</u> Elbe Cloete, Patrick Lane, Rika du Plessis (Cape Nature); Bertus Senekal – WKD, Pieter Vorster – Sandhoek, Giepie Coetzee – Koue Bokkeveld, Joepie Burger – Bo-Rrivier, Pieter Britz – Olifantsberg en Jacques van Rooi – Algeria Gemeenskap <u>Afwesig sonder verskoning:</u> Flip Brand – Velddrift, Frans Coetzee – Kapteinskloof, Gys Dippenaar – Zuurfontein, Bjorn Fortuin - Elandskloof, Jeandre Smit - Het Kruis, Jannie Toerien – Sneeuberg, Koos Visagie – Allandale, Provinsiale Paaie, Eskom en DWAF	
2. Vorige Notule en goedkeuring	
Aanbieding wat gedoen is by vorige vergadering word aanvaar as notule en so goedgekeur. Word aanvaar deur Willem van der Merwe en gesekondeer deur Adri Steinberg.	
3. Terugvoering - ICS Kursus (Insident Bevelstruktuur)	
Volledige terugvoering sal gegee word op Algemene Jaarvergadering. Peter bedank die UK vir die geleentheid om dit te kon bywoon. Peter stel homself beskikbaar om behulpsaam te wees met opleiding vir ‘n dag vir belangstellendes sodat die beginsels van ICS ook tot op grondvlak kan plaasvind. Charl sal opleiding kommunikeer met alle lede.	
4. Terugvoering – Werksaamhede van GCBBV	
Charl gee terugvoer oor werksaamhede en dit sal weer op die Jaarvergadering aangebied word. Die volgende word uitgelig en sal op die jaarvergadering bespreek word. 1. Debiteure – Dat lede wat nie binne 3 maande na fakturering betaal, ‘n boete van R350 moet betaal. UK vra ook dat debiteure lys van lede met uitstaande ledegelde aan hul gesirkuleer word vir kennisname.	Charl
5. Terugvoering – Brande 2011/2012 (Positiewe en Negatiewe aspekte)	
Bo – Piketberg en Kromantonie se verslae is ontvang. As negatiewe aspek word uitgelig dat die grondeienaar se privaatheid tydens ‘n brand steeds gehandhaaf moet word deur brandspanne en brandpersoneel. Peter bevestig dat dit aangeraak word in die ICS opleiding wat gedoen gaan word. Adri Steinberg (Cape Nature) versoek dat indien beheerde brande uitgevoer word alle bure asb in kennis gestel moet word daarvan. Word voorgestel dat CapeNature se sentrale kantoor ingelig word van beheerde brande van omliggende bure.	

6. Terugvoering – Weskaap Sambreel BBV en GCBBV stemregte	
Peter gee terugvoer rondom UFPA en verduidelik die funksie van die UFPA. Hy is aangestel as die bestuurder van die WCUFPA en sal derhalwe uittree as voorsitter van die GCBBV by die volgende jaarvergadering. Sien aangeheg die aanbieding. UK vra dat nominasies nou al ingedien moet word by Charl vir 'n moontlike voorsitter, Charl moet alle genomineerdes persoonlik gaan sien. Nominasie vorms moet dus so gou as moontlik uitgestuur word en onderteken word deur genomineerde. Op jaarvergadering word stembriewe dan uitgedeel waar lede dan kan stem.	
7. Weskus BBV samesmelting met GCBBV Charl verduidelik die proses en waarom samesmelting plaasgevind het. Daar word voorgestel dat Weskus ook uitgenooi word na Jaarvergadering en dat die voorsitter van Weskus ook op die dagbestuur van die GCBBV moet dien. Daar moet net gekyk word na die Grondwet van die GCBBV in terme van so samesmelting en onder-voorsitterskap. Die punt moet op die Algemene Jaarvergadering bespreek word. Peter, Charl en Rudolf sal na die konstitusie kyk. UK versoek dat enige voorstelle en veranderinge 14 dae voor Jaarvergadering aan UK lede versprei word.	Peter, Charl Rudolf
8. Nuwe WoF/GCBBV basis : Porterville	
Die nuwe WoF/GCBBV basis is op Porterville by skougronde oopgemaak. Jurie van Zyl is aangestel as Basis Bestuurder op Porterville. UK stel dit duidelik dat die effektiwiteit en doeltreffendheid van span toegeskryf word aan die teenwoordigheid van die bestuurder. Spesiale dank ook aan WoF wat die Cederberg ongelooflik ondersteun en dit word opreg waardeer deur die UK en die lede.	
9. Voorligtingsbeampte – bespreking van pligte en minimum vereistes	
Die GCBBV moet binnekort die BBV bestuurder vir die Weskus en 'n Voorligtingsbeampte aanstel. Die bestuurder word befonds deur WoF en die GCBBV terwyl die voorligtingsbeampte deur GEF befonds gaan word. Charl stel voor dat 3 mense uit UK behulpsaam sal wees met die proses van aanstelling. Johan, Jakobus en Rudolf word deur die vergadering voorgestel en aanvaar.	
10. Brandpermitte en vergoeding vir brandweerdienste	
Bertus is afwesig en die punt staan oor tot die Jaarvergadering	
11. UK verteenwoordiging	
Beter verteenwoordiging is nodig vir die vlg 3 jaar. UK stel voor dat onaktiewe verteenwoordigers uit UK bedank. Voorstel word ingedien dat UK lede se brandstof betaal word om 4 vergaderings per jaar by te woon. Charl sal kyk of daar R30 000.00 per jaar begroot kan word vir brandstofgeld (R1000 per lid per jaar vir 30 eenhede).Daar moet ook pligte en verantwoordelikhede aan die UK lid gekoppel word. UK stel ook voor dat verteenwoordigers aan nuwe lede voorgestel word, daar word besluit dat die FPA bestuurders sal skakel met die lede.	
12. Aanbieding van ICS beginsels	
Bespreek in punt 3	

14. Jaarvergadering
Die Algemene Jaarvergadering sal plaasvind op 24 Julie 2012 te Piketberg Skougrond. Voorstelle vir gassprekers : Johan Heine – WoF, John Smith (Mutual en Federal), Satelliet ondersoeke om die oorsprong van brande te bepaal - SANSA
15. Algemeen
Geen punte is onder algemeen bespreek nie.
16. Afsluiting en volgende vergadering
Daar is nie op ‘n datum vir ‘n volgende vergadering besluit nie. Die vergadering verdaag om 12h45.